## BOEKBESPREKING

*Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times. Volume VI. First session, fourth Parliament 12th March, 1921 — 14th July, 1921, Pp. 327.* The State Library/Die Staatsbiblioteek. Pretoria, 1969.

Deel VI van bogenoemde reeks het sopas as herdruk no. 3 verskyn en vul, soos al sy voorgangers, groot leemtes in ons kennis aan.

Na die verkiesing van 1921 het die saamgesmelte S.A. Party en die Unioniste, nou bekend as die S.A. Party, oor 79 setels in die Volksraad beskik, terwyl die Opposisie — bestaande uit die Nasionale Party (45), die Arbeiders (9) en die Onafhanklikes (I) — in totaal oor 55 setels beskik het. Met Genl. J. C. Smuts as leier en Eerste Minister het die S.A. Party 'n meerderheid van 24 setels getel. Weliswaar het genoemde party oor 'n meerderheid beskik, maar dit wil nie sê dat die taak van die sterkste groep maklik was nie. Mens kom onder die indruk dat waar die Nasionaliste en die Arbeiders se beginsels in velerlei opsig nie ooreengestem het nie, die omstandigheid die regerende party andersyds begunstig het.

Probleme was daar volop. Die naweë van die oorlog het, o.m. in die vorm van werkloosheid, hul invloede sterk op die land se ekonomie laat geld. Die spoorweë het met verlies gewerk, die boer se posisie was haglik, diamantmyne is as gevolg van die ekonomiese wêrelddepressie gesluit, delwers het honger gely, belastings is verhoog, die Indiërvraagstuk kon nie opgelos word nie, die gebeure op Bulhoek het tot 'n kommissie van ondersoek gelei en die Regering se segregasiebeleid is deur genl. J. B. M. Hertzog heftig aangeval.

Wat ook heelwat stof laat opwaai het, was die wetsontwerp m.b.t. die reorganisasie van die land se verdedigingstelsel, die invoer van Kanadese meel deur die Regering, die wegneem van die oorlogsbonus van Staatsamptenare en die feit dat die Arbeiders verklaar het dat vakbondlede nie bereid was om na vooroorlogse toestande terug te keer nie.

Al hierdie vraagstukke en uiteenlopende sienswyses het daartoe bygedra dat hierdie sitting dikwels besonder lewendig verloop het. Dat daar heelwat werk verrig is, kan nie ontken word nie. Nie minder as 54 wetsontwerpe is ter tafel gelê nie, waarvan 40 tot wet verhef is, agt in die Volksraad en twee in die Senaat laat vaar is, terwyl vier teruggetrek is. Wetsontwerpe wat feitlik geen polemiek uitgelok het nie, was o.m. die i.v.m. die Potchefstroomse Universiteitskollege (no. 14) en die Universiteit van die Witwatersrand (no. 15) wat onderskeidelik deur J. A. Venter (L. V. Vrededorp) en R. Feetham, KC (L. V. Parktown) ingedien is. Dr. A. L. de Jager (L.V. Paarl) het 'n wetsontwerp m.b.t. die Suid-Afrikaanse Akademie ingedien (wetsontwerp no. 30, wet no. 23). Van genl. J. B. M. Hertzog was die wetsontwerp m.b.t. die toelating van advokate (wetsontwerp no. 13, wet no. 19) afkomstig, terwyl die wetsontwerp aangaande die vroue-stemreg van Volksraadslid Regter Feetham op 14 Julie 1921 laat vaar is. Die wetsontwerp m.b.t. verdediging (wetsontwerp no. 23), soos ingedien deur Minister Mentz, is eers na 'n gekose komitee verwys en daarna laat vaar.

In sy troonrede het Goewerneur-generaal Prins Arthur van Connaught, op 12.3.1921 o.m. verwys na die feit dat die Volkebondsraad die voorwaardes aangaande die mandaat oor SWA neergelê het, dat maatreëls getref sal word om die werkloosheid te verlig en dat sommige nywerhede teen onredelike buitelandse mededinging beskerm sal word.

Voordat die eintlike sitting in alle erns begin het, het 'n vroueafvaardiging sy opwagting by die Eerste Minister gemaak en, nadat hulle in optog na die Parlementsgebou getrek het, 'n petisie met altesame 54,400 handtekeninge ten gunste van die invoering van die stemreg vir vrouens oorhandig. Soos reeds opgemerk is, het dit gedurende die sitting nie tot wetgewing gekom nie, ofskoon die Eerste Minister hom ten gunste van die strewe uitgelaat het, maar andersyds verklaar het dat die menings ten opsigte van die beoogde doel in parlementêre kringe uiteenlopend was.

Op die inswering van nuwe Volksraadslede en die herverkiesing van Speaker C. J. Krige het die voorlegging van die aanvullende begroting deur Minister Burton gevolg en moes die Raad verneem dat daar moontlik 'n tekort sou wees. In Kaapstad het die meubelmakers begin staak omdat hulle nie met hul werknemers kon saamstem oor die terugkeer na die werksweek van 48 uur en stukwerk nie. Tydens vraetyd is die toestand van die wolboere as ernstig beskrywe en verklaar dat die diamantmark in dui gestort het. Tewens is die Regering verwyt dat as gevolg van die aankoop van Kanadese meel ter waarde van R1-miljoen die plaaslike produsente benadeel is. Terwyl die Nasionale Party die belange van die boere bepleit het, het die Arbeiders die lot van die werkersklas bekla. Die Arbeiders het, namens die Spoorwegwerkersvakbond o.m. op gemeenskaplike beheer deur werknemers en die Staat aangedring en beklemtoon dat hulle die diensvoorwaardewet van 1912 hersien wil hê. Hier verneem ons reeds gedagtes wat tydens die staking van 1922 aanmerklik luider sou klink en tot 'n groot ontwrigting sou lei.

Die verskynsels dat so 'n groot aantal ongeskoolde blankes na die stede begin kom het, het bekommernis in die Raad teweeggebring. Een van die lede het voorgestel om landbou-onderrig aan die platteland se bevolking te gee, om op dié wyse te probeer om die toestroming na die stede te keer.

Terwyl die Spoorweë in 1916 nog winsgewend was, moes daar nou — ten spyte van herhaaldelike tariefverhogings — 'n tekort aangekondig word. Versoeke van plattelandse lede om die bestaande netwerk uit te brei, is van die hand gewys 'n Soortgelyke lot het elektrifikasieplanne getref.

Die wetsontwerp ter wysiging van die Verdedigingswet van 1912, met as belangrikste punte o.m. die Staande Magreserwe, die registrasie van burgers, die duur van die vredestydse Burgermag-opleiding en Kadette, en die feit dat voorsiening gemaak is vir die daarstelling van die Suid-Afrikaanse Lugmag as 'n integrale deel van die Staande Mag, het o.m. van die kant van die Opposisie geen goeie ontvangs geniet nie. Daar is o.m. verklaar dat die ontwerp nie populêr op die platteland is nie en die vraag is gestel of Suid-Afrika as 'n dominium die Britse Ryk moet help of dat die doel van landsverdediging die verdediging van die Unie is. Genl. J. B. M. Hertzog, wat die aanval in bogenoemde verband gelei het, het bepleit dat die ontwerp aan 'n gekose komitee voorgelê moet word, terwyl die Arbeiderslid R. B. Waterston, met verwysing na die staking van 1914, verklaar het dat die Regering en die kapitaliste gesamentlik teen die werkers opgetree het. Om so 'n moontlikheid in die toekoms te voorkom, het hy te kenne gegee dat geen troepe in verband met nywerheidsgeskille gebruik moet word nie.

Op 15 April is die begroting ter tafel gelê. Belastingverhogings ten opsigte van seëls, rolprente (vroeër 50c per voet, nou ooreenkomstig die waarde), bier, tabak, inkomste en maatskappye is aangekondig. 'n Tekort van R6 miljoen is verwag. Op 18 April het die spoorwegbegroting, met 'n opgehoopte tekort van ruim R6 miljoen, gevolg. Debatte oor hierdie begrotings het, in die toekoms, heelwat tyd in beslag geneem.

Op 3 Mei het, o.m. na aanleiding van 'n kommissieverslag, die Indiërvraagstuk

ter sprake gekom. Raadslid J. S. Marwick (Illovo) het afsonderlike woongebiede vir Indiërs voorgestel waar hulle, soos hy dit gestel het, „in accordance with their own differing needs and standards of civilisation" sou kan woon en, in dieselfde verband, vrywillige segregasie bepleit. Arbeiderlede was weer, op hul beurt, as gevolg van ekonomiese redes van oordeel dat die Indiërs aangemoedig moet word om na Indië terug te keer.

Toe Minister Burton op 6 Mei die begrotingsdebat afgesluit het, het 70 sprekers hierdie aangeleentheid reeds van verskillende kante belig. Op 9 Mei is die debat oor die spoorwegbegroting hervat. Interessant is dat lt.-kol. Claassen (L.V. Standerton) hom op 18 Mei ten gunste van een hoofstad uitgespreek het.

Twee dae later het die Eerste Minister, voor sy vertrek na Engeland om die konferensie van Eerste Ministers by te woon, 'n pleidooi vir werklike vrede gelewer, die buitelandse beleid van die Unie uiteengesit, die vlootbeleid en die status van Suid-Afrika toegelig en oor die Volkebond uitgewei. As vernaamste Opposisiespreker het genl. Hertzog die Eerste Minister twee dae later geantwoord en o.m. op meer seggenskap van die dominiums ten opsigte van die imperiale beleid aangedring. Met Minister S. F. Malan as waarn. Eerste Minister is die sitting voortgesit. Tydens die voortgesette debat oor die wetsontwerp m.b.t. verdediging is melding gemaak van die onderhandelings om die verdediging van die hele Unie van Brittanje oor te neem. In dié verband vergesel die Sekretaris van Verdediging die Eerste Minister.

Tydens die debat oor Bulhoek het genl. Hertzog o.a. verklaar dat die Regering in 1913 met die segregasiebeleid begin het, maar dat nie genoeg gedoen is nie. In die verband het spreker o.m. verklaar „It should be made absolutely clear that the franchise would not be given to the native, but there should be that condition, that in his own territory, the native would have the vote to develop in his own surroundings and in his own sphere."

Op 14 Julie 1921 het 'n sitting ten einde geloop waarin, soos aangetoon is, 'n groot verskeidenheid van onderwerpe ter sprake gekom het, 'n veertigtal wette aangeneem is en meer as eenmaal gedagtes uitgespreek is wat, sowel in die nabye toekoms (1922) as later, nog dikwels onderwerpe van bespreking sou vorm.

Ploeger

Hattersley, A. F.: *An illustrated Social History of South Afrika.* Pp. X, 262, 13 kleurplate, 94 afbeeldings. Kaapstad, A.A. Balkema, 1969. R12.50.

Hoe het die mense vroeër in ons land gelewe? Hoe het die samelewing van die begin af gegroei, uitgebrei, hoe is dit gereël? Dit is die vrae waarop hierdie boek 'n antwoord gee. Die nadruk val nie op die geskiedkundige feite nie, hulle bly net 'n raamwerk op die agtergrond. Op die voorgrond is 'n bonte tafereel van die alledaagse lewe en alles wat daarmee saamhang. Die storie begin in 1652 en loop deur tot ongeveer 1910. Dit is in drie afdelings verdeel: die Hollandse periode van 1652 tot 1795, daarna 'n eeu van onvolgroeidheid wat eintlik net 54 jaar omvat, van 1795 tot 1849, en ten slotte die laaste halwe een van volwassenheid, 1849 tot 1910. In elke tydvak word die regering, die lewe in die stad en op die platteland, kerk, skool, kuns en literatuur, klere en sport, uitvoerig beskryf. Hierby word allermins volstaan met die lokale opvattings, maar toestande aan die Kaap word ook vergelyk met elders. Hierdeur word 'n grondiger en dieper oordeel verkry van oorsaak en gevolg.

Hoewel die eerste deel in tyd die langste is, is dit tog die kortste in die boek.

Die tydvak omvat net die Kaap self; die groot landsuitbreiding volg eers in die tweede deel. Al gou vertoon die samelewing 'n tweespalt: stad en platteland. Hierdie twee bevolkingsgroepe word egter weer saamgebind deur die ontwikkeling van die Afrikaanse taal, die Kerk met sy nagmaal en die Kommandostelsel. Gebeurtenisse ver weg het partymaal 'n deurslaggewende invloed op die Kaap. So het die groot oorwinnings deur die Hollandse admiraal de Ruyter oor die Engelse seemag tot gevolg dat die bou van die „Kasteel" in Kaapstad teengehou word en eers na 1672, die Hollands rampjaar, vind dit weer voortgang. Dit blyk ook dat die plaaslike administrasie, in ons oë ver van die ideaal, nie noodsaaklik slegter as in ander gebiede was nie; soms selfs beter. Hoewel slawerny in Europa slegs vanuit een gesigspunt beskou is, kon die toestand aan die Kaap nie in die minste vergelyk word met die in Wes-Indië nie. Die afnemende ondernemingsgees by die mense moet nie aan die klimaat toegeskryf word nie, maar eerder aan die V.O.C. se beleid van beperking. Here XVII sou nooit die burgers teenoor W. A. v.d. Stel in die gelyk gestel het nie, as dit nie was weens toenemende mag en bedreiging van Lodewyk XIV van Frankryk nie, waardeur moeilikhede met burgers, wat by verdediging sou moet help, liewers vermy moes word.

Ons is partymaal nog teveel geneig om gebeurtenisse vanuit ons eie tyd te beskou terwyl ons ons liewers moet inlewe in die tydsomstandighede waaronder hulle plaasgevind het. Ons vergeet byvoorbeeld dat die eerste Hugenote nooit die pragtige gewels rondom Franschhoek gesien het nie. Die Kaap was by die Kompanjie se amptenare nie baie populêr nie. Dit was hier te stil en die bevolking en handel was te klein om grootse promosiemoontlikhede te skep. Die Britse wêreldryk was eintlik net 'n byproduk van die handel. By die Kaapse burgers in die binneland wat in toenemende mate selfonderhoudend en selfregerend geword het, was daar geen belangstelling vir of aanvoeling van imperiale besef nie. Ook in Duitsland, Switserland en Noord-Wallis was die halfjaarlikse trek met vee 'n gewone verskynsel. In die Kaapse binneland het dit, as gevolg van die lae winterstemperatuur in party streke, op groter skaal ontwikkel. In die kusstreek is wynbou benadeel deur tekort aan hout: vaatjies word gewoonlik nie uit ander dele van die wêreld leeg teruggestuur nie. Die smous het naderhand die benodigde produkte na die binneland gebring, waardeur die veeboere nie langer jaarliks na die Kaap hoef te kom nie. Eers nou het die moontlikheid vir die mense ontstaan om ver noordwaarts te trek. Die rol wat die gewone soldaat by die ontdekking van die binneland gespeel het, moet ook nie onderskat word nie.

In Kaapstad self was daar inmiddels 'n toenemende behoefte aan bietjie meer luukse en gerief. Tog het dit nooit 'n buitensporige vorm aangeneem nie. Die oorspronklike bevolking het in veel opsigte met die Britte verskil. Dit was nie net taal, onderwys en regsopvatting nie. Daar was ook 'n wye kloof tussen die Kaapse tradisie uit die dae van die V.O.C. en Britse idees van persoonlike vryheid en reg. Die Kapenaar was bereid om sy militêre pligte te vervul as daar noodsaak daartoe was, maar hy was nie bereid om militêre opleiding te ondergaan nie. Die verhouding is ook nie bevorder deur die eensydige verslae van 'n dr. Philip, wat nie die Kaapse moeilikhede wou insien nie, maar wat dikwels die enigste bron van inligting vir die Britse publiek was.

Tog blyk uit hierdie boek weer duidelik dat die Afrikaanse kultuur, wat ons vandag daaronder verstaan, nie in Kaapstad nie, maar in die afgesonderde Suid-Afrikaanse binneland sy beslag gekry het,

Die derde deel gee baie aandag aan die groei van politieke partye, die professies,

die opbou en uitbreiding van Kaapstad, die Oostelike Provinsie en Natal. Mens kry insig in die organisasie van padvervoer, posdiens en later spoorweë in die steeds uitbreidende binneland, maar ook op die lewe in die Republieke, eers agraries, daarna die begin van industrialisasie, met die onvermydelike politieke en sosiale gevolge.

Die boek is die lewenswerk van een van die mees vooraanstaande geskiedkundiges in ons land. Die geweldige hoeveelheid feite word gestaaf deur bronverwysings aan die einde van elke hoofstuk, terwyl 'n uitstekende indeks help om die bronne op te spoor. Dis egter nie in die feite self waarin die waarde van hierdie boek gesoek moet word nie. Ons het hier vir die eerste keer 'n deurlopende relaas van die lewe in ons land van 1652 tot 1910, wat op oorsigtelike manier deur een skrywer saaamgestel is. Deur sy buitegewoon omvangryke kennis kan prof. Hattersley gebeurtenisse teen 'n baie diep agtergrond plaas. Eers nadat hy verskynsels en voorvalle van alle kante belig het, spreek hy 'n oordeel uit. Gevolglik werp hierdie boek dikwels 'n wyer en soms heeltemal ander lig op feite as wat ons tot nou toe aangeneem het. Dit is in hierdie dieper agtergrond wat opgebou word en in die weloorwoë oordeel waarin die werklike waarde van die boek gesoek moet word. Dit mag in geen universiteits- of skoolbiblioteek ontbreek nie.

F. G. E. Nilant

Hauck, K. (ed.): *Frühmittelalterliche Studies, Jahrbuch des Instituts fur Frühmittelalterforschung der Universität Munster, 2, Band,* pp. X, 432, 31 afb., Berlyn, Walter de Gruyter en Kie., 1968.

Die tweede jaarboek van die Instituut vir Vroegmiddeleeuse Navorsing bevat negentien hoofstukke en 'n aantal naberigte. Q. Hiltbrunner bespreek die geskiedenis van die begrip „sacer" met verwysing na die heiligheid van die Duitse keisers. Dit begin by die opvattings in die tyd van Justinianus (529), toe nie na die Christelike keiser as sodanig, maar eerder na die heidense keiser Domitianus verwys is, die opvattings van Barbarossa, die pouse, Karel die Grote, en die werklike betekenis van die woord „sacratissimus". J. M. Wallace gaan die opvattings na van Gregorius van Tours en Bede ten opsigte van die persoonlike kwaliteite van konings. Verskil in opvatting blyk veral as gevolg van die invloed van Ierse sendelinge op Bede, terwyl Gregorius minder nadruklik is in sy opvattings. R. Schmidt bespreek die identiteit en geskiedenis van die Frankiese troon in Aken, troonbestyging, wêreldse en geestelike mag wat uitgeoefen is, en die datering tussen 1138 en 1152. E. Ewig beskryf die ontwikkeling van die Frankiese Rykskerk in die eerste helfte van die Agste Eeu. Th. Puttfarken bring nuwe gedagtes oor die plattegrond van die klooster St. Gallen, waarby aangetoon word dat die geskiedenis van hierdie gebou aan die einde van die Agste eeu begin het, en nie aan die begin van die volgende eeu nie. K. Schmid bespreek 'n vorstelike opdrag in 'n verlugte handskrif van Remiremont, waaruit blyk dat politieke belang van groter belang was as die kerklike, hoewel albei tog nou aan mekaar verbonde was. Dit gee 'n indruk van hoe 'n Karolingiese klooster by politieke spanninge betrokke kon word. Die vraag waarom die tweede vrou van Otto die Grote juis in die nederige klooster Selz begrawe is, word deur J. Wollasch nagegaan. G. Theuerkauf bespreek die regsgeleerdheid in die elfde eeu, die tyd waarin die eerste aanduidings vir die later Investituurstryd merkbaar word. Die probleme van die dieper betekenis van middeleeuse kuns met betrekking tot die doopbeeld van Hugo de Folieto, word deur F. Ohly ondersoek. Veral

die betekenis van kleur speel hierby 'n groot rol, maar ook juwele, getalle, gebare. Daar is 'n bespreking van 'n voëlboek deur Hugo de Folieto geskilder. Dit word gevolg deur 'n hoofstuk oor Germaanse dieresimboliek en naamgewing. Vroeë Germaanse getuienisse hieroor is skaars en die bronne moet gevind word in taalafleidings. Daar word egter gewaarsku teen 'n al te noue en skematiese afleiding: daar moet grondig rekening gehou word met dieresimboliek. H. Kuhn beskryf Germaanse kampioene en stryders, wat hul oorsprong vind by die Romeinse gladiatore. Daar is hoofstukke oor die Runering van Pietroassa, wat in 1837 naby Boekarest gevind is, gedurende die Eerste Wêreldoorlog verlore geraak het, en eers in 1956 weer teuggevind is. 'n Grondige vergelyking word gemaak tussen vier Torslunda-skale en 'n verder argeologiese bydra stempels van Torslunda, gevind in 1870. H. Borger bespreek die moontlikhede en uiterste grense van argeologie in die vroeë middeleeue, met verwysing na Xanten. As gevolg van die uitgebreide verwoesting gedurende die Tweede Wêreldoorlog, het die moontlikheid hom na 1945 voorgedoen van uitgebreide ondersoekings by Rynlandse kerke. Die opgrawings by Xanten dien as 'n model vir die moderne argeologie. Daar is 'n bespreking van die plekkie Helgo, naby Stockholm, as vroeg middeleeuse handelstad. D. M. Wilson bespreek die argeologiese bewys vir kolonies van die Noormanne in Engeland, vanaf 789. Die invalle het eers plaasgevind vanuit Denemarke, daarna vanuit verowerde dorpe in Engeland self, en vervolgens is die hele land verower. Daar is verder 'n diepgaande studie gemaak van middeleeuse dorpsvestigings en die probleme wat hulle vir die argeologie oplewer. Christelike opvattings en agtergrond van Bisantynse kerke in die twaalfde eeu, word nagegaan deur G. Babic.

Ons is teveel geneig om die vroeë middeleeue te wil sien soos 'n egale eenheid, en ons vergeet dat daar tussen die tiende en die twaalfde eeu net soveel verskil bestaan as tussen die agtiende en die twintigste eeu. Stadig het die kultuurbeleid hom uit die Romeinse tyd verder ontwikkel. Die literatuur kan heelwat toeligting verskaf vir die argeologie, mits daar 'n verantwoorde gebruik van gemaak word.

Sowel vir taalkundiges, geskiedkundiges, kunskenners as argeloë vorm hierdie hoofstukke besonder boeiende leesstof. Nog meer as die eerste deel, toon die tweede jaarboek aan hoe ontsaglik veel navorsing en veldwerk oor die geskiedenis, kultuur en kuns van die vroeë Middeleeue gedoen word. Daar blyk egter ook hoe ontstellend groot en uitgebreid hierdie gebied is en hoe gebrekkig ons kennis nog maar reik.

Daar is egter ook bewys dat die Navorsingsinstituut in Munster die studie grondig aanpak en daar is geen twyfel nie dat ons kennis mettertyd sal lei tot helderheid oor 'n tydvak wat nou nog uitgesproke donker en onbekend genoem moet word.

F. G. E. Nilant.

Lewis, I. M. (Red.): *History and Social Anthropology*. Pp. XXVIII, 307, Tavistock, Londen, 1968. R5.00.

Die onderhawige werk is die sewende aflewering in 'n reeks publikasies van die *Association of Social Anthropologists of the Commonwealth*. Die inhoud verteenwoordig voordragte wat by die jaarvergadering van die vereniging in 1966 te Edenburgh (Skotland) gelewer is. Strenggesproke is hierdie werk vir historici, uitgesonderd die wat in die geskiedenis van onderontwikkelde volke spesialiseer, slegs van verbygaande belang.

Die Britse benadering van die Volkekunde (Sosiale Antropologie) bestudeer die

vak sonder verwysing na volke of hulle kulture as sodanig. By hulle gaan dit om die bestudering van die sosiale struktuur van gemeenskappe waarin die instellinge wat dit kenmerk in hoofsaak die funksie het om die instandhouding van hierdie struktuur te dien. As sodanig verteenwoordig hierdie benadering 'n sinokroniese analise van die feitelike werklikheid in menslike maatskappye. Historiese diepte en selfs historiese causaliteit was by stdies van hierdie aard, geen vereiste nie.

In jonger jare het die kultuurverandering (of „social change" na die Britse terminologie) wat in Afrika en Asië plaasgevind het die invoering van 'n tyddimensie in beskrywings van sosiale struktuur noodsaaklik gemaak. Die onderhawige werk bevat 'n teoretiese uiteensetting van die implikasies van hierdie „nuwe" erkenning vir Sosiale Antropologie sowel as 'n reeks praktiese voorbeelde van beskrywings van sosiale struktuur waar die benadering gevolg word.

Vir die historikus lê die belangrike in die omvattende analisering van volksoorlewerings in die vorm van verhale en genealogieë vir die aanduiding van historiese causaliteit in die etniese geskiedenis van volke. In die voorbeeldstudies is dit interessant hoe onkontroleerbare oorleweringe uit die verlede van onontwikkelde volke groter historiese waarskynlikheid verkry indien die gebeure teen die agtergrond van die bestaande kultuurpatroon (sosiale struktuur) gelees word.

Op dieselfde wyse word geargumenteer, kan die gebruik van 'n Sosiaal-antropologiese benadering deur die historikus 'n nuwe agtergrond vir die interpretasie van gebeurtenisse in die periode van kontroleerbare feitegegewens bring. In hierdie werk dui die referate van Hopkins *(Structural Differentiation in Rome (200—31 B.C.)*, Cregeen *(The Changing Role of the House of Argyll in the Scottish Highlands (1680—1806)* en *Whitaker (Tribal Structure and National Politics in Albania, 1910—* 1950) op vrugbare gevolge vir so 'n benadering.

Vir die Volkekundige lê die werklike betekenis van hierdie werk in die erkenning van 'n nuwe formulering van die begrip *funksie* in die Britse Sosiale Antropologie. Die funksie van instellinge in die sosiale struktuur is nie meer „the contribution they make to the perpetuation of the established order" (xv) nie, maar moet benader word aan die hand van „the actual engagement and interests of people in different roles and positions" (xxiv). Veranderinge in die kultuur (sosiale struktuur?) lê in die nuwe benadering nie meer noodwendig in eksterne invloede wat op 'n „structural model in a state of equilibrium" (27) inwerk nie, maar „the greatest potential for internal change occurs in relations between positions and statuses whose traditional roles are intrinsically distinct and contradictory" (xxiii). Dit kan met ander woorde uit 'n bestaande toestand van strukturele ewewig ontwikkel. Hierdie Britse erkenning van 'n feit wat vir andere reeds lankal gemeenplasig was, word verwelkom.

R. D. Coertze

Pearse, G. E.: *Eighteenth Century Architecture in South Africa*, pp. XIV, 49, 111 afb., derde druk. Kaapstad, A.A. Balkema.

Hoewel hierdie boek reeds oor en oor bespreek is, voel ons tog dat die verskyning van die derde druk nie onopgemerk behoort te bly nie. Toe die boek van prof. Pearse in 1933 verskyn het, was dit in alle opsigte 'n pionierswerk wat vir die eerste keer die toenmalige kennis van die Kaaps-Hollandse boukuns op 'n behoorlike en ook uiters noodsaaklike grondslag gestel het. Vandag, na 36 jaar, het die boek nog niks aan belangrikheid verloor nie. Ons kennis van die geskiedenis, politieke ontwik-

keling, sosiale, geologiese en klimaatologiese omstandighede van die Kaap het vanaf daardie tyd aansienlik vermeerder. Die inleiding in die boek het daardeur nie minder insiggewend geword nie. Die verduideliking van die konstruksie en die argitektoniese besonderhede van die geboue is vandag net so belangrik as destyds. Dit kan ook gesê word van die 59 foto's, 36 tekeninge en 80 argitektoniese seksies. Hierdie nuwe uitgawe verskil egter van die vorige in sover dat gebruik gemaak is van nuwe foto's, gemaak deur Willem Malherbe, terwyl die seksie-afbeeldings met gebruikmaking van die nuutste fotografiese tegnieke van die oorspronklike tekeninge afgeneem is. Die foto's is uitgesoek deur Han Fransen, direkteur van die museum in Stellenbosch.

Dit was destyds die bedoeling van prof. Pearse om hierdie eerste boek deur vyf verdere dele te laat volg. Op die manier wou hy 'n min of meer volledige oorsig bewerk van die belangrikste geboue van die ou Kaap. Hierdie grootste plan het helaas nooit tot uitvoering gekom nie. Tyd en omstandighede het hulle blykbaar nie daartoe geleen nie. 'n Kwart eeu moes verloop alvorens daar meer uitvoerig oor die onderwerp gepubliseer sou word: C. de Bosdari, J. Walton, later R. Lewcock, H. Fransen en dr. M. A. Cook.

Tye het inmiddels verander en daar is baie meer moontlikhede vandag as wat vroeër die geval was. Die werk wat prof. Pearse met soveel entoesiasme begin het, word eers in ons tyd en in 'n heeltemal ander vorm voortgesit, nl. deur die Opname Groep van die Fotografiese Vereniging van Kaapstad. Argitekte, geskiedkundiges en fotograwe werk hier saam om die ou Kaapse geboue op te meet, te fotografeer en histories na te gaan. Hoewel slegs 'n klein deel van die ontsagwekkende hoeveelheid gegewens in boekvorm gepubliseer kan word, word daar 'n argief opgebou wat onskatbaar is. Hier word moontlikhede geskep waarvan prof. Pearse sekerlik nooit durf droom het nie!

Nogtans het ons met die nuwe druk van *Eighteenth Century Architecture in South Africa* weer vrye toegang tot die grondslag en die vroegste aanduiding van die rigting waarin navorsing en opnames van ons tradisionele boukuns behoort te gaan. Die boek behoort permanent vir studente en publiek beskikbaar te wees.

F. G. E. Nilant

Helman, A.: *Zaken, zending en bezinning, De romantische kroniek van een tweehonderdjarige Surinaamse firma.* Pp. 219, C. Kersten & Co. N.V., Paramaribo, 1968.

Omstreeks dieselfde tyd as in Suid-Afrika het die Herrnhutters of Moraviese Broeders hul werksaamhede in Suriname (Nederlands Guiana) begin. Nederlandse koopliede het hul aandag op die groot aantal onbekeerde heidene in dié twee lande gevestig. Die eerste van hulle het in 1735 in Suriname aangekom. Hulle het 'n eie oplossing gevind vir die sentrale vraagstuk van die sending. Dit is of die sendelinge geldelik afhanklik van die gelowiges in die moederland (die tuisfront) sal wees of wel geldelik onafhanklik sal wees deur uitoefening van 'n beroep onder die heidene. Die Herrnhutters het na voorbeeld van Paulus verkies om vir hul eie lewensonderhoud te sorg. Hulle het landbouers, handwerksliede en handelaars geword en nie na maatskaplike hervormings gestreef nie; hulle het het byvoorbeeld die slawerny aanvaar en slawe gekoop en laat werk.

In Suriname het hulle sendingswerk verrig, eers onder die Amerindiane en Bosnegers (afstammelinge van weggeloopte slawe), later, in die 19e eeu onder die negerslawe en die vrygelate negers. In hierdie land het hulle tewens een van hul grootste

saaklike suksesse behaal. Dit is die sendingsmaatskappy Christoph Kersten en Compagnie te Paramaribo. 'n Eenvoudige vroeëre huisbediende en kleremaker, Kersten, het saam met enkele broers dié onderneming gestig in opdrag van die bestuur in Herrnhut. Hy was egter een van die baie broers wie se gesondheid deur die moordende klimaat van Suriname aangetas is, hy het siek na Duitsland teruggekeer en is daar in 1796 oorlede.

Maar die sendingsmaatskappy het voortbestaan, in talryke bedryfstakke gewerk, duisend en een artikels ingevoer en verkoop, klere en skoene gemaak, brood en koekies gebak, horlosies gerepareer, plantasies bebou, produkte uitgevoer en nog baie ander sake gedryf. In 1968 is die 200-jarige bestaan van die ou onderneming gevier en beskryf in 'n gedenkboek. Die skrywer daarvan is Albert Helman bekende Nederlandse letterkundige, Surinamer van geboorte, wat onder meer enkele veelgelese romans oor sy geboorteland gepubliseer het (Zuidzuidwest, De stille plantage, De laaiende stilte).

Van 'n letterkundige met Helman se belesenheid mag ons geen wetenskaplike werk met uitvoerige note en bronvermelding verwag nie, maar wel 'n boeiende boek. Hy voer sy verhaal terug tot die vroeë Christene en gee belangwekkende beskrywings van ekonomiese en sosiale toestande en van sommige Herrnhutters en hul begunstigers.

Die maatskappy het gedeel in alle voor- en teenspoed van Suriname. Daar was meer teen- as voorspoed weens die geleidelike agteruitgang van dié plantasiekolonie, slegs enkele male kortstondig onderbreek deur bedrieglike oplewings (false attempts to take off). Helman beskryf hoe Kersten herhaaldelik afdelings moes sluit en oorskakel na nuwe bedrywighede om staande te bly. Veral die eerste halwe eeu was moeilik deurdat die broers uit Duitsland wel eerlik en vlytig was, maar min skoolopleiding gehad het en min kennis van die handel en tropiese lande.

Die vraag is hoe die Herrnhutters tog die ongunstige ekonomiese omstandighede en die mededinging van partikuliere koopliede die hoof kon bied en selfs kon uitbrei. Helman se antwoord is 'n verwysing na die onbaatsugtige ywer en praktiese sin van die Broers, hul nugterheid, met vroomheid gepaard, gekombineerd met die deugde van Duitse emigrante, t.w. netheid, soberheid en organisasievermoë. Hul krag was geleë in die goeie kwaliteit en matige pryse van hul artikels en hul diensbetoon aan die klante.

Kersten se geskiedenis is dié van 'n ontwikkeling van klein- na grootkapitalisme, anders gesê van vroeg- na modernkapitalisme; daarby is die winsstrewe in diens van die sending gestel en getemper deur diensbetoon en sosiale sorg gebaseer op godsdienssin. Sy geskiedenis toon ooreenkoms met dié van die koöperasiewese in Europa wat ook voortgekom het uit die kringe van min gegoede handelwerksliede en klein boere, wat ook gebaseer was op idealistiese motiewe en wat moderne sakemetodes aanvaar het en van kleinbedryf tot grootbedryf ontwikkel het.

Daar is baie kritiek geuit op Max Weber se stelling, in 1905 gepubliseer, dat die Protestantse geloofsgemeenskappe die ontwikkeling van die kapitalisme in die 16e — 18e eeu en selfs later aangehelp het. Maar niemand kan ontken dat die Hernnhutters se vroomheid, afwysing van wêreldse genot en sendingsdrang gehelp het om hul werkdrif, spaarsin en ondernemingsgees aan te spoor en om uitbreiding van hul sake te bevorder. Helman wys slegs terloops op hierdie verband, wat deur Max Weber soos volg geformuleer is: „Die Brudergemeinde war als Missionsmittelpunkt zugleich Geschaftsunternehmen und leistete so ihre Glieder in die Bahnen der innerweltlichen Askese, welche auch im Leben uberall zuerst nach 'Aufgagen' fragt und es im Hinblick auf diese nuchtern und planmäszig gestaltet."

Helman verduidelik dat soos Kersten hom uitgebrei het, sy bestuurders en personeel hulle minder aan die sending kon wy. Na lang aarseling het die hoofbestuur van die Broeders in Duitsland in 1900 besluit om sake en sending te skei. Vanaf dié jaar moes Kersten meer nie-Broers in diens neem en het hy sosiale maatreëls vir sy personeel geneem soos deurbetaling by siekte, siektekoste- en pensioenfondse. Die volgende stap na die nuwe saaklikheid is in 1943 gedoen, toe die oorlog genoodsaak het tot omsetting van die Duitse sendingsmaatskappy in 'n Nederlandse „naamloze vennootschap".

In 219 bladsye het die skrywer oor interessante stof opmerklik baie meegedeel.

C. de Jong.